# KINDERKERK LES: Die Tong

**Doel van les:**

Vandag leer ons dat as ons sê ons is sout vir die wêreld, ons moet oplet hoe ons ons tonge gebruik.

**Ysbreker 1: Telefoontjie:** Deel die kleintjies in groepies op. Speel telefoontjie waar Bybelverse gebruik word.

- 1 Tessalonisense 5:16 – Wees altyd bly.
- 1 Tessalonisense 5:17 – Bid gedurig.
- Spreuke 27:17 – Yster slyp yster, vriende vorm mekaar.
- Lukas 1:37 – Niks is vir God onmoontlik nie.

**Ysbreker 2: Lekker speletjie:** Gee vir elke kind 'n lekkertjie. Hulle moet hul tong uitsteek en dan die lekkertjie op hul tong sit. Hulle moet nou vir een minuut so bly sonder om hul tong in hul monde terug te trek of die lekkertjie te kou.

**Ysbreker 3: Raai speletjie:** Vra die volgende vragies: Ek kan wegkruip of myself wys. Ek het baie spierjties. Ek is gewoonlik altyd nat. Ek kan mense seermaak of hulle help. Ek kan opgekrul word. Ek is gewoonlik pienk. Wat is ek? Antwoord – 'n tong.

**Sê:** God het ons gemaak met 'n tong. 'n Tong is 'n belangrike deel van ons lyfies. Dit help ons om ons kos te proe en om te kan praat. Dit wat ons sê met ons tonge is baie belangrik en het groot krag.

**Vrae:**

- Wie is al ooit seergemaak deur iemand se woorde?
- Wie kan dalk vertel van 'n tyd toe iemand se woorde hulle gehelp het? Hoe maak ons ander seer met ons woorde? (Vloek, geterg, beledig, skinder)
- Hoe kan ons ander help met ons woorde? (Kompliment, goeie raad, van Jesus vertel)

**Illustrasie**: Neem twee stukke papier. Steek die eerste een aan die brand. Laat dit heeltemal op brand. Neem nou die ander stuk papier en en maak dit halfpad nat. Steek dit aan die droë kant aan die brand. Sodra dit by die nat deel kom, sal die papier ophou brand.

**Sê**: Wanneer ons nie aan Jesus behoort nie, dan is ons tonge soos die eerste stuk papier. Ons sê enige iets en maak ander seer en vloek en niks kan dit keer nie. Wanneer ons ons harte vir Jesus gee, dan help Sy Heilige Gees ons soos die water dat ons woorde anders lyk en nie ander seermaak nie, maar hulle help. Maak seker dat jou woorde lekker is om te hoor vir ander, soos sout kos laat lekker proe oor kos.

Sluit af in groepe met gebed.